# 8 dae **Namakwaland Blommetoer**

Namakwaland is ‘n plek waar mens die natuur op ‘n besondere en buitengewone wyse kan ervaar en is deurtrek van die verhaal van die Namakwalandse madeliefies; 'n oorvloed van vrugbare blomme wat die byna lewelose Namakwaland in 'n pragtige blomvertoon van skoonheid in die lente omskep.



Dit was eens die jagveld van die Boesman, met wonderlike verhale van oorlewing in ’n onvriendelike en ontoegeeflike wêreld, totdat die reëns kom en alles in ’n ongekende blommeprag ontvou. Ons toer na Namakwaland verloop soos volg:

**Dag 1: Johannesburg – Kimberley - 500km**

Vertrek vroeg van Johannesburg/Pretoria in ’n westelike rigting. Die pad neem ons deur die vlaktes van die ou Wes-Transvaal, oor die Vaalrivier. Ons stop meermale onderweg en besigtig die groot gat van Kimberley waartydens die glorie van die sosiale lewe wat gevolg het op die ontdekking van diamante ervaar word. Ons oornag in Kimberley by u ***normale of luukse opsies van akkommodasie**.

**Dag 2: Kimberley – Upington - 410km**

Geskiedenis lê dik gesaai op die R64 wat van Kimberley weswaarts loop oor plekke met name soos Schmidtsdrift, Campbell, Griekwastad, Boegoeberg tot by Upington. Alreeds hier kan ons van die Kalahari sandduine langs die pad sien en as ons gelukkig is gemsbokke en springbokke. Droë vrugte word langs die pad gekoop.’n Stop by Augrabies is deel van die reisprogram. Ons oornag in Upington.

**Dag 3: Upington - Kamieskroon - 550km**

Ons hoop dat vanjaar se blommeseisoen lank sal wees en die Oostewind sal wegbly. Ons ry tot in Springbok en geniet middagete by n eetplek. Dan na die Namakwa Natuurpark. Hier is dit net ’n kleureprag waar jy kyk. Ons oornag in die omgewing van Kamieskroon.

**Dag 4: Kamieskroon – Lambertsbaai - 425km**

Na ontbyt reis ons deur die Knersvlakte in die rigting van die Bokkeveld-bergreeks waar ons die Vanrhynspas sal opry wat 'n paar ongelooflike uitsigte oor Namakwaland bied. Dan na die kokerboom kwekery in Vanrhynsdorp, 'n toevlugsoord van spesies uit die streek. Ons besoek die blombolhoofstad van die wêreld, Nieuwoudtville, waar die bolspesies in die 'Boland van die Namakwaland' groei. Ons gaan jag vir die mooiste gebiede van veldblomme, ook by die Hantam Botaniese tuin. Hierna ry ons na Lambertsbaai, met n stop by Clanwilliam om die Rooibostee fabriekswinkel en die Ramskop Natuurtuin te besoek.

**Dag 5: Lambertsbaai – Langebaan - 170km**

Lambertsbaai het sy oorsprong te danke aan die eenvoudige begin as 'n vissersdorpie. Hiervandaan reis ons na die Weskus Nasionale Park, teen die agtergrond van die blou strandmeer, wit duine, skaars fynbos, groen vleilande en onbegrensde golwe, is daar baie om te ervaar, ons sien die natuurlewe in die park, en geniet veral die Postberg-gedeelte. Ons oornag in Langebaan.

**Dag 6: Langebaan – Matjiesfontein – 300km**

Pak die rit aan terug binnelands nadat ons die Weskus groet en ervaar die oop ruimtes van die Karoo nadat ons die Kaapse plooigordel/berge oorsteek. Die Kaapse plooigordel is 'n plooi- en stootgordel van laat Paleosoïkum, wat die volgorde van sedimentêre rotslae van die Kaapse Supergroep in die suidwestelike hoek van Suid-Afrika beïnvloed het. Oornag in die Matjiesfontein omgewing.
(Opsionele middagete by “die Strandloper” indien groepkonsensus dit verlang.)

**Dag 7: Matjiesfontein – Gariep dam - 600km**

Na ontbyt vertrek ons na Gariep dam. Dis ’n lang pad maar ons stop baie kere om bene te rek. Oornag en geniet die asemrowende uitsig oor die grootste dam in die land, gebou in in 1972 en stoor water uit die Oranjerivier in 'n 100 km lange dam met 'n oppervlakte van 374 km2. Die dam kan sowat 5 500 miljoen kubieke meter (m3) water stoor.

**Dag 8: Gariepdam – Tuis - 650km**

Van Gariep ry ons na Bloemfontein. Daar bring ons ’n kort besoek aan die Vrouemonument. Na nog ’n lang dag kom ons tuis met pragtige herinneringe.

*Die toer is gemik op die geskiedenis van die plekke waardeur ons reis en die skoonheid van die Kalahari en Namakwaland. Die groepe kan wissel van minimum 4 persone tot maksimum 19.*
*Prys sluit vervoer met lugversorging, toegangsfooie, akkommodasie, professionele toergids, ontbyt en 'n aandete in. Koffie/tee, drankies, telefoon en wasgoed uitgesluit.*
***Akkomodasie word bepaal volgens normale (3 ster), of luuks, (4-5 ster) opsies**. Verblyf is op verskillende nabygelee plekke, afhangende van u pakket. By sommige plekke is die akkommodasie by dieselfde plek, maar met luukser kamers. Indien daar nie n restaurant by ons verblyf is nie word die kos deur ons span gemaak/gebraai, of u sal etebewyse vir die volgende bedrae ontvang: ontbyt: R 150, aandete: R 250.*

**Pryse -** (0-3 jaar: gratis, 4-11 jaar: halfprys)

| **4 - 5 pax** | **6 + pax** |
|---|---|
| **Normaal:* | |
| **R 11 450 pp wat deel**, (Totaal: **R 22 900 vir twee**) | **R 10 780 pp wat deel** |
| Enkelpersoonaanvulling: **R 3900** (Totaal: **R 15 350 vir een**) | |
| **Luuks:* | |
| **R 18 900 pp wat deel**, (Totaal: **R 37 800 vir twee**) | **R 14 850 pp wat deel** |
| Enkelpersoonaanvulling: **R 5850** (Totaal: **R 24750 vir een**) | |

*'n Deposito van 50% word verlang wanneer die bespreking gedoen word. Die laaste betaling moet egter nie later nie as 31 dae voordat die toer begin gemaak word nie.*
*Dit is belangrik om te onthou dat die blommeseisoen deur die reënseisoen in die Weskaap bepaal word, en daarom het ook die reg om die program te verander volgens die plek waar die blomme die beste tydens die toer is en vir die groep.* Waar akkommodasie nie beskikbaar is nie, het ons die reg om soortgelyke plekke te bespreek.

**Besoeke:**

1. groot gat van Kimberley
2. Augrabies valle
3. Namakwa Natuurpark
4. Kokerboom kwekery in Vanrhynsdorp
5. Hantam Botaniese tuin
6. Rooibostee winkel besoek in Clanwilliam
7. Ramskop Natuurtuin
8. Weskus Nasionale Park
9. Gariep dam
10. Vroue Monument

**Bespreking epos: info@amatungulu.com** **Skakel Jakes by 084 410 4888**